

Gekoppelde Belegging Uittree-Annuïteitsplan

Planbeskrywing

'n Persoon wat uittree-annuïteitsvoordele wil ontvang, moet 'n lid van 'n uittree-annuïteitsfonds wees. Die uittree-annuïteitsfonds het 'n plan vir die lid om die voordele aan die lid te voorsien. Die uittree-annuïteitsfonds is die planhouer en nie die lid nie.

Die persoon na wie in die kontrakdokumente as die lid verwys word, is 'n lid van die Sanlam Linked Retirement Annuity Fund (die FONDS). Die FONDS het 'n plan by Sanlam Linked Investments (Pty) Ltd (SanLink) om die uittree-annuïteitsvoordele aan die lid te voorsien.

Die plan belê in beleggingsfondse wat deur kollektiewe beleggingsmaatskappye bestuur word, en is 'n kontrak tussen die planhouer en SanLink. SanLink is 'n administratiewe finansiële diensverskaffer wat, ingevolge die Wet op Finansiële Advies- en Tussengangersdienste, 2002 (FAIS), deur die Financial Sector Conduct Authority (FSCA) gelisensieer is. SanLink het ons, Sanlam Lewensversekering Beperk (Sanlam Lewens), gekontrakteer om alle administratiewe aangeleenthede, insluitend alle kommunikasie, namens hulle te hanteer.

As 'n beleggingswaarborg gekies word, word die waarborg deur Sanlam Lewens voorsien. Die kontrak vir die waarborg is dus tussen die planhouer en Sanlam Lewens, en nie tussen die planhouer en SanLink nie. Die kontrak vir die waarborg is 'n versekeringspolis soos beskryf onder, en gereguleer deur die Langtermynversekeringswet, 1998. Dit vorm deel van die plandokumente wat in hierdie planbeskrywing genoem word.

Soos deur die Wet op Pensioenfondse vereis word, moet bydraes regstreeks aan ons betaal word en nie aan die FONDS nie. Ons ontvang die bydraes as die betalings vir die plan.

Die kontrakte bestaan uit die volgende:

- die kwotasie;
- die aansoek om die plan;
- hierdie planbeskrywing, LDIR-A02-01, soos van tyd tot tyd bygewerk, en beskikbaar op die Sanlam webruimte by <http://www.sanlam.co.za>;
- byvoegings tot hierdie planbeskrywing, indien van toepassing;
- die staat, soos van tyd tot tyd bygewerk;
- ander dokumente, korrespondensie en inligting, indien enige, wat by implikasie deel van die kontrak vorm.

Ons sal die planbeskrywing en staat bywerk om wysigings te weerspieël

- in administrasieprosedures, byvoorbeeld hoe eenheidspryse bepaal word en waar inligting oor beleggingsfondse gekry kan word;
- in heffings, insluitend die fooie wat deur die batebestuurders gehef word;
- wat deur eksterne faktore vereis word, byvoorbeeld wetgewing, of die interpretasie daarvan.

Hierdie planbeskrywing moet tesame met die staat wat die lid ontvang, gelees word. Alle inligting wat op 'n spesifieke plan van toepassing is, word in die staat vir daardie plan uiteengesit. As daar enige teenstrydigheid is tussen die inhoud van hierdie planbeskrywing, 'n staat vir 'n plan en die reëls van die FONDS, sal die voorwaardes van die laaste twee geld.

Rolle

Sanlam Lewens

Ons rol namens SanLink is om

- betalings in 'n bankrekening te ontvang;
- betalings betyds en in ooreenstemming met geldige instruksies te belê;
- die waarborg te voorsien as 'n beleggingswaarborg gekies is;
- enige verdere redelike en geldige instruksies uit te voer;
- oor die plan verslag te lewer, soos deur wetgewing vereis word;
- heffings te hef;
- 'n stem in 'n stemming, wat deur 'n batebestuurder gehou word, namens die planhouer uit te oefen;
- die planvoordele op versoek te betaal, onderworpe aan enige wetlike beperkings.

Tussenganger

Die rol van die tussenganger is om

- aan die bepalings van FAIS te voldoen;
 - inligting oor die aard van die plan, die onderliggende beleggingsfondse en die betrokke heffings aan die lid te voorsien;
 - die lid oor die plan en die onderliggende beleggingsfondse te adviseer.
-

Verduidelikings

Opsiedatum

Dit is die datum wat die einde van die termyn aandui, en word in die staat aangedui.

Oop termyn

Na die gekose termyn verstryk het, word die termyn van die plan as oop beskou. Dit beteken dat die fondswaarde nie outomaties uitbetaal sal word na die gekose termyn verstryk het nie, maar dat die plan sal voortgaan tot die planhouer die plan beëindig.

Eenmalige fonds

Dit is die deel van die fondswaarde wat deur eenmalige betalings opgebou word.

Herhalende fonds

Dit is die deel van die fondswaarde wat deur herhalende betalings opgebou word.

Wysigingheffingsdatum

Dit is die datum tot wanneer ons 'n wysigingsheffing vir sekere wysigings sal hef, en word in die staat aangedui. 'n Aparte datum geld vir die eenmalige en herhalende fondse.

Werkdag

Dit is enige dag van die week van Maandag tot Vrydag, openbare vakansiedae uitgesluit.

Betalingsvakansie

'n Tydperk waartydens die herhalende betalings op versoek tydelik gestaak word.

Betalings

Eenmalige betalings

Eenmalige betalings mag gemaak word, op voorwaarde dat dit nie minder is as ons minimum wat toegelaat word nie. As die transaksiedatum vir 'n betaling, soos in die staat aangedui, meer as een dag later as die betaaldatum is, sal ons rente vanaf die dag na die betaaldatum tot die transaksiedatum byvoeg.

Herhalende betalings

Herhalende betalings word toegelaat, maar dan moet dit van die begin van die plan van toepassing wees. Dit kan nie later bygevoeg word nie. 'n Herhalende betaling, indien van toepassing, is op dieselfde dag van elke maand of jaar verskuldig, soos in die staat aangedui.

As herhalende betalings per debietorder gemaak word, en die dag wat versoek is waarop ons die betaling moet vorder, nie op 'n werksdag val nie, of 'n maand nie die spesifieke dag het nie, sal ons dit op die volgende werksdag vorder.

Die transaksiedatum vir 'n herhalende betaling is die laaste van die datum waarop die betaling verskuldig is en die werklike betaaldatum. As dit nie 'n werksdag is nie, sal die transaksiedatum die eerste werksdag daarna wees. Ons sal nie rente byvoeg as 'n herhalende betaling voor die transaksiedatum gemaak word nie.

As 'n betaling nie ten volle binne 'n respytydperk van 30 dae gemaak word nie, mag ons die herhalende betaling as gestaak ag, en sal dan die wysigingsheffing vir staking van herhalende betalings hef, indien van toepassing.

Betalingsgroei

As die plan betalingsgroei het, sal die herhalende betaling volgens die voorwaardes van die tipe betalingsgroei, soos gekies, verhoog word.

Ons bied die volgende tipe(s) betalingsgroei:

- **Vaste groei**
Die herhalende betaling sal elke jaar met die gekose vaste persentasie verhoog word.
- **Sanlam-inflasie**
Die herhalende betaling sal elke jaar met die inflasiekoers, soos deur ons bepaal, verhoog word. Met die vasstelling van die koers sal ons die verandering in die verbruikersprysindeks, of enige ander algemeen aanvaarde metode om inflasie te meet wat in daardie stadium van toepassing mag wees, in ag neem. Die Sanlam-inflasiekoers mag as gevolg van verskille in berekeningsmetodes van amptelike koerse verskil. 'n Minimum verhoging, wat van tyd tot tyd mag verander, is van toepassing.
- **Flexi-groei vir skema**
Flexi-groei is slegs beskikbaar vir 'n plan wat deel van 'n skema vorm. Die herhalende betaling sal op versoek verhoog word. Enige aantal verhogings per jaar mag versoek word. Enige bedrag of persentasie mag vir 'n verhoging versoek word, onderworpe aan 'n minimum wat van tyd tot tyd mag verander.

Die tipe betalingsgroei wat op 'n plan van toepassing is, word in die staat aangedui.

Belegging

Ons belê 'n betaling plus 'n addisionele toedeling, indien van toepassing, minus heffings, in die onderskeie gekose beleggingsfondse. Die addisionele toedeling hang af van die vlak van tussengangersfooie wat aan die begin beding is. Beleggings word geadminestreer onderworpe aan die bepalinge en voorwaardes wat die batebestuurders bepaal.

Inligting oor al die beleggingsfondse wat ons bied, is op die Sanlam webruimte by <http://www.sanlam.co.za> beskikbaar.

Leef tyd beleggingsopsie

As 'n leef tyd beleggingsopsie gekies is, sal ons die toedeling van die belegging aan die onderskeie beleggingsfondse volgens die gekose opsie aktief bestuur. Ons sal soos ons dit nodig ag ander beleggingsfondse vir die gekose opsie kies, en op die toedeling daaraan besluit. Soos die lid ouer word, sal ons geleidelik die toedeling van die belegging na meer stabiele beleggingsfondse skuif.

Hoe word die bedrag wat aan 'n spesifieke beleggingsfonds toegedeel is, belê?

Ons gebruik die bedrag wat aan 'n spesifieke beleggingsfonds toegedeel is om eenhede in daardie beleggingsfonds te koop. Die eenhede word namens die planhouer in die naam van 'n onafhanklike benoemde, Affulink Nominees (Edms) Bpk, gehou.

Wanneer word die bedrag wat aan 'n spesifieke beleggingsfonds toegedeel is, belê?

Die beleggingsdatum vir 'n bedrag wat aan 'n spesifieke beleggingsfonds toegedeel is, is gewoonlik die eerste werksdag na die transaksiedatum. Die belegging vind plaas teen die eenheidsprys wat op die beleggingsdatum van toepassing is. As meer as een werksdag tussen die transaksiedatum en die beleggingsdatum verloop as gevolg van omstandighede buite ons beheer, sal ons rente, soos deur Sanlam Lewens bepaal, voeg by die bedrag wat aan 'n spesifieke beleggingsfonds toegedeel is. Hierdie rente sal bereken word vanaf die datum waarop die belegging moes plaasvind tot die werklike beleggingsdatum.

Klaringstydperk

Betalings is aan 'n klaringstydperk van 30 dae onderhewig, en geen verkoop van eenhede wat die gevolg is van 'n onverrekenende betaling sal tydens hierdie tydperk toegelaat word nie.

Eenheidsprys

Die eenheidsprys van 'n spesifieke beleggingsfonds word deur die batebestuurder bepaal. 'n Prys is gewoonlik eers beskikbaar een of twee dae na die dag waarop dit van toepassing is. Daarom sal dit 'n paar dae duur voordat 'n transaksie op die staat weerspieël. Besonderhede van die berekening van eenheidspryse is op versoek van die batebestuurders beskikbaar.

Wat gebeur as inkomste vir 'n beleggingsfonds verklaar word?

Die inkomste, wat rente en dividende mag insluit, word outomaties herbelê in die beleggingsfonds waarvoor die inkomste verklaar is. Dit vind plaas op die datum waarop die inkomste betaal word, wat later mag wees as die datum waarop die inkomste verklaar is.

Mag 'n beleggingsfonds gesluit word?

Ja. Dit kan byvoorbeeld gebeur as wetgewing verander of sekere klasse bates onbekikbaar raak of dit na ons mening nie meer verstandig is om in die spesifieke beleggingsfonds te belê nie. As die plan geraak word, sal ons die lid versoek om 'n ander beleggingsfonds te kies wat in daardie stadium vir hierdie tipe plan toegelaat word, en om ons van die keuse in kennis te stel. As ons geen reaksie op sodanige versoek ontvang nie, sal ons besluit in watter beleggingsfonds om die deel van die plan wat geraak word te belê.

Omskakeling van beleggingsfondse

Omskakeling van beleggingsfondse wat in daardie stadium vir hierdie tipe plan toegelaat word, mag op versoek gedoen word.

Toekomstige betalings mag toegedeel word aan enige beleggingsfonds wat vir hierdie tipe plan toegelaat word. Die betalings wat reeds aan die huidige beleggingsfondse toegedeel is, sal dan in hierdie beleggingsfondse bly.

As 'n leeftyd beleggingsopsie aktief is wanneer enige omskakeling op versoek gedoen word, of betalings op versoek anders toegedeel word, sal die opsie gekanselleer word.

Koste om beleggingsfondse om te skakel

Daar is tans geen transaksieheffing vir die eerste vier omskakelings in 'n planjaar nie. Vir elke daaropvolgende omskakeling in 'n planjaar sal ons 'n transaksieheffing, wat in daardie stadium bepaal sal word, hef. Die huidige transaksieheffing word in die staat aangedui. Ons mag die aantal gratis omskakelings van tyd tot tyd verander.

Enige omskakeling van beleggingsfondse wat ons volgens die gekose leeftyd beleggingsopsie doen, sal gratis wees. Geen transaksieheffing sal gehef word nie.

Wanneer sal die verkoop en koop van eenhede vir omskakeling plaasvind?

Om 'n omskakeling te doen, verkoop ons die vereiste aantal eenhede van die beleggingsfondse waaruit 'n omskakeling gedoen word. Met die opbrengs van die verkoopstransaksie, minus die transaksieheffing, koop ons eenhede van die beleggingsfondse waarnatoe 'n omskakeling gedoen word. Ons verkoop en koop gewoonlik op die eerste werksdag na ontvangs van die omskakelingsversoek. As ons nie op daardie dag die eenhede kan verkoop nie, word die koop van eenhede uitgestel tot ons die eenhede kan verkoop. As die verkoop egter plaasvind, maar die koop word uitgestel as gevolg van omstandighede buite ons beheer, sal ons rente voeg by die opbrengs van die verkoopstransaksie, nadat die transaksieheffing afgetrek is. Hierdie rente sal bereken word vanaf die datum waarop die koop moes plaasvind tot die datum waarop ons werklik die eenhede koop.

Fondswaarde

Die fondswaarde van 'n spesifieke beleggingsfonds is die aantal eenhede vermenigvuldig met die eenheidsprys vir daardie beleggingsfonds.

Die fondswaarde van die plan is die totale fondswaarde van al die beleggingsfondse vir daardie plan.

Lojaliteitsbonus

Op sekere planverjaarsdae voeg ons korting op sekere heffings by die fondswaarde by in die vorm van 'n Lojaliteitsbonus, as beloning vir die instandhouding van die plan by ons. Ons bereken die bedrag van die Lojaliteitsbonus as 'n persentasie van sommige van die heffings wat van die plan afgetrek is. Verdere besonderhede oor die berekening van die Lojaliteitsbonus word in die staat voorsien.

Sanlam AftreeVersterker

'n Addisionele korting op fondsheffings word as 'n Sanlam AftreeVersterker belê. Hierdie korting word belê op dieselfde planverjaarsdae as daardie wat in die staat vir die Lojaliteitsbonus aangedui word. Die korting sal ook belê word wanneer die plan beëindig word as gevolg van 'n doodseis, of op versoek op of na die opsiedatum, mits die beëindiging nie binne vyf jaar vanaf die begindatum is nie.

Die korting vir die Sanlam AftreeVersterker bedra 'n addisionele 5% tot elke kortingspersentasie vir die Lojaliteitsbonus, soos in die staat aangedui. Ons sal hierdie korting by die plan byvoeg deur eenhede in die huidige beleggingsfondse van die plan te koop. Die korting word eweredig in hierdie beleggingsfondse belê. As die datum waarop die korting toegeedeel word nie op 'n werksdag is nie, sal ons die eenhede op die eerste werksdag daarna koop.

Heffings

Belasting

Geen belasting word tans vir aftreefondse gehef nie.

BTW

BTW sal op alle heffings hieronder gehef word. BTW sal nie op die betaling vir die beleggingswaarborg gehef word nie.

Heffings vir die plan

Die huidige heffings word in die staat aangedui en kan een of meer van die volgende wees:

- 'n **Aanvanklike bemarkingsheffing**, wat van 'n eenmalige betaling afgetrek word.
- 'n **Aanvanklike bemarkingsheffing**, wat van elke herhalende betaling afgetrek word.
- 'n **Betalingsheffing**, wat van herhalende betalings afgetrek word, as betalings per aftrekorder gemaak word. Die heffing word as 'n persentasie van die herhalende betaling bereken.
- 'n Maandelikse **planheffing**, wat van tyd tot tyd verhoog sal word om vir inflasie, soos deur ons bepaal, voorsiening te maak. Die heffing word maandeliks van die fondswaarde afgetrek deur eenhede ter waarde van die heffing te verkoop.
- 'n Jaarlikse **bemarkings-en-administrasieheffing**, wat uit twee dele bestaan:
 - 'n **Vaste bemarkings-en-administrasieheffing**, wat 'n persentasie van die fondswaarde is. Aparte persentasies is op die eenmalige en herhalende fondse van toepassing. Hierdie heffing word op 'n maandelikse basis bereken, wat beteken dat dit deur 12 gedeel word. Die heffing word maandeliks van die fondswaarde afgetrek deur eenhede ter waarde van die heffing te verkoop.
 - 'n **Veranderlike bemarkings-en-administrasieheffing**, wat 'n persentasie van die fondswaarde is. Aparte persentasies is op die eenmalige en herhalende fondse van toepassing. Hierdie heffing word op 'n maandelikse basis bereken, wat beteken dat dit deur 12 gedeel word. Die heffing word maandeliks van die fondswaarde afgetrek deur eenhede ter waarde van die heffing te verkoop.

Betaling vir die beleggingswaarborg

'n Jaarlikse betaling vir die beleggingswaarborg word aan Sanlam Lewens gemaak, om vir die koste van die beleggingswaarborg van elke beleggingsfonds wat 'n beleggingswaarborg bied, te betaal. Hierdie betaling word as 'n persentasie van die fondswaarde bereken. Die jaarlikse betaling word op 'n maandelikse basis bereken, wat beteken dat dit deur 12 gedeel word. 'n Bedrag gelyk aan die betaling word maandeliks van die fondswaarde afgetrek deur eenhede ter waarde van die heffing te verkoop.

Aftrekkings wat deur die batebestuurders gemaak word

'n Batebestuurder hef fooie vir beleggingsnavorsing en vir die uitkies van die onderliggende bates van 'n beleggingsfonds. Hierdie fooie word in aanmerking geneem in die berekening van die daaglikse eenheidsprys van 'n beleggingsfonds. Die gepubliseerde prestasiesyfers van 'n beleggingsfonds is daarom na aftrekking van hierdie fooie. Meer inligting oor hierdie fooie en hulle huidige waardes is in die staat beskikbaar.

Wysigingsheffing

'n Plan mag in enige stadium verander word, op voorwaarde dat ons met die wysiging saamstem. Ons sal 'n wysigingsheffing hef as die wysiging voor 'n wysigingheffingsdatum gedoen word. Die wysigingheffingsdatum word aan die begin bepaal en verander nie by daaropvolgende wysigings nie. Aparte wysigingheffingsdatums is op die eenmalige en herhalende fondse van toepassing.

Die wysigingsheffing sal van die fondswaarde geneem word deur die nodige aantal eenhede te verkoop.

Die huidige wysigingsheffing vir die mees algemene wysigings word in die staat aangedui.

Transaksieheffing

Buiten die bogenoemde wysigingsheffing sal ons 'n transaksieheffing vir elk van die volgende wysigings hef:

- Vermindering of staking van die herhalende betaling;
- Neem van 'n vroeë aftreevoordeel;
- Beëindiging van die plan as gevolg van emigrasie.

Hierdie transaksieheffing sal van tyd tot tyd verhoog word om vir inflasie, soos deur ons bepaal, voorsiening te maak.

Ons sal nie hierdie transaksieheffing op of na die opsiedatum hef nie.

Ons sal ook 'n transaksieheffing vir ander transaksies hef, soos in hierdie planbeskrywing genoem, en soos in die staat aangedui word. Hierdie transaksieheffing sal van tyd tot tyd verhoog word om vir inflasie, soos deur ons bepaal, voorsiening te maak.

Ons sal aanhou om 'n transaksieheffing na die wysigingheffingsdatum te hef.

Planspesifieke reëls word toegepas om die maksimum betalingsvakansietydperk oor die termyn van die plan te bepaal. Die betalingsvakansietydperk kan ten volle of gedeeltelik op verskillende tye tydens die termyn van die plan gebruik word. Sommige van hierdie tydperke sal gratis wees. Sodra al hierdie gratis tydperke gebruik is, mag die plan vir 'n bykomende aantal betalingsvakansietydperke kwalifiseer waarvoor ons 'n transaksieheffing sal hef. Hierdie transaksieheffing word van tyd tot tyd verhoog om vir inflasie, soos deur ons bepaal, voorsiening te maak. Die huidige transaksieheffing word in die staat aangedui.

Elke transaksieheffing sal van die fondswaarde geneem word deur die nodige aantal eenhede te verkoop.

Beleggingsadviesooreenkoms tussen die lid en die FONDS

'n Lid van die FONDS mag die FONDS versoek om 'n fooi vir deurlopende beleggingsadvies vir sy of haar aftreebelegging te betaal. BTW sal op hierdie fooi gehef word. Ons, as die administrateur van die FONDS en in opdrag van die FONDS, sal hierdie fooi maandeliks namens die FONDS betaal aan die tussenganger wat hierdie advies voorsien.

Hierdie beleggingsadvies is 'n opsionele diens wat die lid mag versoek, en word voorsien deur 'n tussenganger wat deur die lid aangewys is. Dit is 'n gespesialiseerde diens wat addisioneel is, en nie deel is van die tussengangerdienste waarvoor ons fooie betaal nie.

Die fondsgebaseerde fooi vir hierdie beleggingsadvies word as 'n persentasie per jaar van die fondswaarde gespesifiseer. Die lid moet die persentasie spesifiseer. Die fooi word op 'n maandelikse basis bereken, wat beteken dat dit deur 12 gedeel word. Dit word maandeliks deur middel van 'n onttrekking ter waarde van die maandelikse fooi van die fondswaarde afgetrek. Die bedrag van die fondsgebaseerde fooi is aan die fondswaarde gekoppel en sal dus daarmee saam wissel, byvoorbeeld, 'n fooi van 0.50% impliseer R41.67 per maand as die fondswaarde gelyk is aan R100 000.00.

Die huidige fondsgebaseerde fooi, indien van toepassing, word in die staat aangedui.

Vermindering of staking van die herhalende betaling

Die herhalende betaling kan op versoek verminder of gestaak word, mits daar voldoen word aan ons voorwaardes wat in daardie stadium van toepassing is. Ons sal 'n transaksieheffing hef wanneer die herhalende betaling voor die opsiedatum verminder of gestaak word. Ons sal ook 'n wysigingsheffing hef as dit voor die herhalende fonds se wysigingheffingsdatum plaasvind.

Een van die voorwaardes vir die staking van die herhalende betaling is 'n minimum fondswaarde na die wysigings- en transaksieheffings, indien van toepassing, afgetrek is. As herhalende betalings gestaak word ten spyte daarvan dat daar nie aan hierdie voorwaarde voldoen is nie, sal die plan verval. Die minimum fondswaarde word in die staat aangedui.

As herhalende betalings gestaak word as gevolg van emigrasie, mag die plan se beëindigingswaarde as 'n enkelbedrag geneem word op voorwaarde dat die emigrasie skriftelik deur 'n gemagtigde Reserwebank-handelaar bevestig is. Die beëindigingswaarde is gelyk aan die fondswaarde minus die wysigings- en transaksieheffings, indien van toepassing.

Aftreevoordeel

Die aftreevoordeel mag enige tyd vanaf die lid se 55ste verjaarsdag geneem word, behalwe as die lid vir ongeschiktheidsvoordele kwalifiseer soos gedefinieer in die reëls van die FONDS, wanneer dit vroeër geneem mag word. Die aftreevoordeelbedrag is gelyk aan die plan se beëindigingswaarde, wat die fondswaarde minus die wysigings- en transaksieheffings, indien van toepassing, is.

Die plan mag op die aftreedatum geregtig wees op inkomste wat reeds verklaar maar nog nie belê is nie. Sodra alle verklaarde inkomste belê is, sal die eenhede verkoop word. Die opbrengs sal na aftrekking van 'n transaksieheffing, wat in daardie stadium bepaal sal word, gevoeg word by die bedrag wat gebruik word om gereelde pensioenbetalings te voorsien of in kontant betaal word as gereelde pensioenbetalings nie ontvang word nie. Die heffing se huidige vlak word in die staat aangedui.

Hoe sal die aftreevoordeel voorsien word?

Na gelang van wetgewing mag die lid 'n deel van die aftreevoordeelbedrag as 'n enkelbedrag neem. Die balans moet gebruik word om gereelde pensioenbetalings te voorsien. Of die lid kan kies dat die volle voordeelbedrag gebruik word om gereelde pensioenbetalings te voorsien.

Die plan sal dan eindig, ongeag op watter manier die voordeelbedrag geneem word.

Belasting op aftreevoordeel

Volgens huidige belastingwetgewing, en na gelang van die lid se belastingomstandighede,

- kan die enkelbedragvoordeel belastingvry binne sekere perke wees, en
 - sal gereelde pensioenbetalings ten volle as inkomste belasbaar wees.
-

Voordeel betaalbaar by dood

Die voordeelbedrag is gelyk aan die fondswaarde op die datum waarop ons kennis ontvang van die dood van die lid.

Die plan mag op die datum waarop ons kennis ontvang van die dood van die lid geregtig wees op inkomste wat reeds verklaar maar nog nie belê is nie. Sodra alle verklaarde inkomste belê is, sal die eenhede verkoop word. Die opbrengs sal na aftrekking van 'n transaksieheffing, wat in daardie stadium bepaal sal word, gevoeg word by die bedrag wat gebruik word om gereelde pensioenbetalings te voorsien of in kontant betaal word as gereelde pensioenbetalings nie ontvang word nie. Die heffing se huidige vlak word in die staat aangedui.

Die volle voordeelbedrag mag as 'n enkelbedrag betaal word, of dit kan gebruik word om gereelde pensioenbetalings te voorsien.

Wie sal die voordeel betaalbaar by dood ontvang?

Soos deur die Wet op Pensioenfondse vereis word, moet enige bedrag betaalbaar as gevolg van dood betaal word

- aan enige of al die afhanklikes van die lid, of
- as die lid genomineerdes aangewys het wat nie afhanklikes is nie, dan aan enige een of meer van die afhanklikes en genomineerdes.

Hoeveel sal aan elke afhanklike of genomineerde betaal word?

Die trustees van die FONDS sal besluit of voldoende vir die behoeftes van afhanklikes voorsien is. Hulle sal dus besluit wat elke afhanklike se aandeel, indien enige, van 'n betaalbare bedrag is. As 'n genomineerde nie 'n afhanklike is nie, sal die trustees ook besluit of die genomineerde vir enige voordele kwalifiseer en indien wel in watter mate 'n genomineerde 'n betaalbare bedrag met die afhanklikes sal deel.

Wie is 'n afhanklike?

- Die gade van die lid.
- 'n Kind van die lid, insluitend 'n aangenome of buite-egtelike kind.
- 'n Persoon wat, hetsy regtens of feitelik, van die lid afhanklik is vir finansiële onderhoud.
- 'n Persoon wat, hetsy regtens of feitelik, van die lid afhanklik sou gewees het vir finansiële onderhoud as die lid nie gesterf het nie. Byvoorbeeld, 'n kind van die lid wat na die lid se dood gebore word.

Is dit nodig om genomineerdes aan te wys?

Ja. 'n Genomineerde is iemand wat die lid aanwys om die voordeel beskikbaar by dood, of 'n deel daarvan, te ontvang. Ons, en die trustees van die FONDS, sal dan weet wat die lid se wense is. 'n Genomineerde mag die aanwysing slegs na die dood van die lid aanvaar of afwys.

Mag die aanwysing van 'n genomineerde verander word?

'n Aanwysing mag enige tyd bygevoeg, gekanselleer of verander word. Dit moet skriftelik en deur die lid onderteken wees, en moet Sanlam Lewens se hoofkantoor voor die lid se dood bereik.

Hoe sal die gereelde pensioenbetalings voorsien word?

'n Lyfrentepan sal uitgeneem word om die gereelde pensioenbetalings te voorsien. Hierdie plan moet by 'n versekeraar uitgeneem word wat as 'n langtermynversekeraar onder die Langtermynversekeringswet, 1998, geregistreer is.

Kan daar 'n vertraging met die uitvoer van versoeke wees?

In sommige omstandighede mag ons nie in staat wees om versoeke binne die normale tydstandaarde uit te voer nie. 'n Voorbeeld sou wees waar 'n ongewone gebeurtenis plaasvind wat aansienlike markaktiwiteit veroorsaak, soos die uitvloei wat op 11 September 2001 ondervind is. 'n Batebestuurder mag ook tydelik die verkoop van eenhede opskort. Ons sal dan versoeke op die vroegste moontlike geleentheid uitvoer.

Uitsluiting van aanspreeklikheid

Ons, in ons eie hoedanigheid en as agent van SanLink, en SanLink sal nie verantwoordelik gehou word nie, en nie aanspreeklikheid aanvaar nie, vir enige skade of verliese, insluitend voortvloeiende verliese, wat deur die lid gely word wat ontstaan of veroorsaak word deur

- foute, optrede of versuim van derde partye wat die belegging voorsien wat onderliggend aan die plan is;
 - enige tydberekeningstandaarde, -praktyke en -prosedures van hierdie partye, of hul vertraging van verkope of weiering om verkope op 'n spesifieke datum of teen 'n spesifieke prys toe te laat;
 - enige belasting of heffing van watter aard ook al wat opgelê word deur enige plaaslike, provinsiale, nasionale of ander owerheid;
 - die uitvoering van enige instruksies wat per telefoon, faks, elektroniese pos of die Internet oorgedra is op voorwaarde dat ons redelike sorg uitgeoefen het om die geldigheid van die instruksie vas te stel.
-

Betalings

Alle betalings moet in Suid-Afrika in Suid-Afrikaanse geldeenheid gemaak word.

Let asseblief op

- Die plan is onderworpe aan wetgewing en ons vereistes van tyd tot tyd.
 - Ons bepaal die waardes, voordele en heffings van enige waarborgpolis wat deel van hierdie plan is, en administreer daardie polis, volgens die aktuariële basis wat daarvoor goedgekeur is soos deur die Langtermynversekeringswet, 1998 vereis.
 - As beleggingswaarborg gekies is, verwys na die toepaslike "Byvoeging tot planbeskrywing" wat aangeheg is, vir 'n verduideliking.
 - Die vlak van herhalende betalings mag verander word, onderworpe aan ons vereistes in daardie stadium.
 - Ons waarborg nie die prestasie van die gekose beleggingsfondse nie, behalwe vir beleggingsfondse waar ons spesifiek die opsie van 'n beleggingswaarborg voorsien. Inkomste of die waarde van die eenhede mag vermeerder of verminder, en prestasie van die verlede is geen waarborg vir toekomstige prestasie nie. Byvoorbeeld, die waarde van die bates in buitelandse geldeenhede mag wesenlik vermeerder of verminder as gevolg van veranderings in wisselkoerse.
 - Ons sal kommunikasie, instruksies of betalings wat voor 16:00 op 'n werksdag ontvang word, beskou as op daardie werksdag ontvang. As dit na 16:00 ontvang word, mag ons dit beskou as op die volgende werksdag ontvang.
-